**4 Februarie**
**Skrifgedeelte: Psalm 50:1-23 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Psalm 50:14(b)**

## Betaal jou geloftes

Om te luister na God se Woord, vorm die kern van sy volk se godsdiens. Wat sê God nou in Psalm 50 aan sy volk? Hy praat oor sy verbondsbeloftes. Hy is jou God en Hy het Hom aan jou verbind. Reeds toe jy in jou ouers se arms gedra is, het Hy bevestig dat Hy vir jou ’n God wil wees. Hy sal ook jou uithelp in die dag van jou benoudheid. As die troue Verbondsgod laat Hy nooit sy kinders in die steek nie.

Luister ook nou na die eise van hierdie verbond. As jy Hom om die bos probeer lei met uiterlike vormdiens waardeur Hy geminag word, of met liefdeloosheid teenoor Hom of jou naaste, verander sy sorg oor jou in oordeel.

Moet ons oor hierdie eise moedeloos raak? Verseker nie! Ons weet immers hoe God sy Seun gegee het om in ons plek te voldoen aan die eise van die verbond. Nou sê ons teksvers dat ons op hierdie genade moet reageer deur ons geloftes aan die Allerhoogste te betaal.

Met geloftes word daardie voornemens en versekeringe bedoel wat ons in ons harte gegee het teenoor die Here. Nooit mag dié betaling ’n koue pligpleging word soos die offers van die volk nie. Betaling van ons geloftes is ’n bevestiging en voltooiing van die verbond tussen God en ons. Hierdie betaling word daarom gedra deur ’n gesindheid van liefde. Dit kom uit jou hart, nie uit jou verstand nie. Die motivering is dankbaarheid, nie pligpleging nie. Jy het vandag weer die geleentheid om openlik jou geloftes teenoor die Allerhoogste te betaal, sy verbond met jou te bevestig en daarop te antwoord.

*Sing: Psalm 24:2, 3 Ds BC Smit (Brits-Wes)*